**Hennie**

Ek was een van die kleiner outjies in die laer- en vroeër hoërskool. Ek het net eenvoudig eers later begin lyf kry. Dit was een van verskeie aspekte wat die 80’s nie ‘n lekker tyd vir my gemaak het nie.

In die 80's was ons geweste van Bellville net nie 'n lekker plek om groot te word nie - nie vir my nie. So sameloop van omstandighede het gedurig tot my lae vlak van ellende bygedra.

Enersyds was ek maar tengerig. Andersyds het my ouers daai tyd finansieel geproke, vrek swaar gekry. Selfs in die 80's was daar 'n baie duidelike sosiale *'pecking order'* ,en al het ons nie naby 'n treinspoor gewoon nie, is ek so paar keer daaraan herinner - soms redelik ondubbelsinnig ook - dat ons skynbaar aan die verkeerde dam se ganse verwant was. Iemand het so besluit, en in my onkunde het ek dit toe so aanvaar ook.

En dan was daar so klomp ander - skynbaar onverwante, dog ellendige faktore wat my grootword jare - so tussen standerd 2 en einde standerd 8 maar swaar gemaak het.

Enersyds was daar die super broederbonder laerskool skoolhoof. Hy bly een van die meer fanatiese onderkruipsels wat ek ooit teegekom het. Soos voëls van enerse vere mekaar net so vinnig opspoor, en so onafskeidbaar raak soos die twee domste ouens in 'n Army inname - so het hierdie perd vir hom 'n ‘clan’ super gatkruipers as personeel bymekaar gemaak.

Die klomp pedagoeë (in die *heelwat* losser sin van die woord) het openlik gewedywer om die gene-poel te beledig, en om Afrikaners op alle fronte terug te donner tot in die vorige steen tydperk. ‘White trash’ is steeds hoe ek aan die meeste van hulle dink. ‘White Trash’ met snorre, safari suits, Grasshoppers, en ‘n totaal oordrewe selfbeeld wat op die Richterskaal leesbaar was. Die tipe ouens wie hulself net voor klein outjies kon handhaaf – en verkieslik met ‘n rottang in die hand en bravado stories van werklik sotlike proporsies…

Ek het weens my Pa se Hollandse afkoms in die megalomaniese skoolhoof - en sy dissipels - se visiere, en ondubbelsinnig ook op die sentrale 'shit-list' beland. In die 80's was daar onder blanke Afrikaners -

noudat ek daaraan dink – gebruike en diep-gewortelde tradisies, wat vir die meeste van die ouens wie nou reken hulle is "voorheen benadeeld" hul kleintyd soos 'n piekniek sou laat lyk.

Daar was daardie jare al onmiskenbare sosiale klasse onder ons blankes. Daar was reëls en wette wat ook net op sekere klasse en groepe van toepassing was. Die spesifieke klomp onderwysers van my laerskool het vir jare kinders openlik aangerand - in die openbaar - en met 'n sadistiese toewyding wat my vandag nog stomslaan. En daar het van al hul aanrandings, beledigings, en kinders se emosionele vertrapping, net mooi niks gekom nie. Hulle was so ‘untouchable’ soos Shabir Sheik. Hulle was so vêr bo die reels en wette verhewe, dat vermoedelik net Huston met hulle kon kommunikeer.

Ek het by 'n paar geleenthede gesien hoe laerskool seuntjies geslaan is dat die bloed loop, en hoe Andries sy broek natgemaak het terwyl die rottang houe oor hom reën. Hy was net 11. Die onderwyser was 'n loskop voorry vir Boland... So sterk soos ‘n bees – en omtrent so vlug van begrip ook. Broederbond lidmaatskap was net die 'ticket'... Andries se ouers was magteloos: Werkersklas in die Spoorweë….. Enough said.

Dan was daar die ander aspek van arm grootword, in 'n nuwe dorp met oorwegend werkersklas mense in: Die boelies. Die straat katte in hul "tie-die" jeans en tekkies met RASTA op geskryf. En hulle meisies - met die groot tiete en groter haarstyle en lipstiek en mini rokke wat net-net onder die Beloofde Land sit. Met hul John Player Special sigarette, en kougom en ‘cool’ sê goed - wat - as ek dit probeer na-aap het - eenvoudig nie reg geklink het nie. Pateties selfs. Vir ander mense ook. Veral vir hulle.

So beland ek toe een Vrydagmiddag in standerd 6 in een besonders ongekompliseerde - maar merkwaardig gemene karakter se visier - en vir heelwat langer as wat ek gedink het geoorloof was.

Wat Hennie in sosiale vaardighede, maniere, IK, wetsgehoorsaamheid en takt ontbreek het, (en daar was die Skepper in al die genoemde departemente REGTIG oormatig snoep) is voor opgemaak in rou vennyn, en brute krag. As hy kon kak aanjaag was hy so gelukkig soos ‘n foxterrier in ‘n krat vol rotte.

Hennie was 'gekys' met Sunette. Die hele kys ding het vir my soos sosiale aanvaarding - en 'n (heelwat) beter lewe in my vaal bestaan en voortslepende oorlewingspoging gelyk. Net een kyk in haar rigting het nog legio ander potensiële voordele van so kysery voor die handliggend gemaak. Projeksie en verbeelding is ‘n merkwaardige sterk ding…

Maar hoe mens van al die wensdenkery (aangehelp deur onhulpvaardige literatuur soos Saal 10, Tessa, Die Ruiter in Swart en Ben Brand) die gaping oorsteek tot regte, egte kys toe, was vir my 'n totale misterie. Ek kon nie eers twee sinne aanmekaar las sonder om te bloos of stotter nie. Wat nog van so ‘n ‘gazelle’ beïndruk...

En so doen daar toe die een Vrydag middag so *carpe diem* geleentheid hom voor: (Bellville het min van hulle opgelewer.) Ek het met Sunette probeer gesels nadat ek haar tas van die skool af huistoe gedra het. Murry Johnson het in ‘Wat Elke Seun Moet Weet’ gesweer dis net die "move" om meisies se knieë lam te maak. Kyk, die ou kon darrem onverdunde stront kwyt raak! Al wat lam geword het, was my hele lyf. Boonop het ek soos 'n bos otter gesweet - deels van die inspanning van twee tasse dra wat saam meer as ek geweeg het, en deels van die rou paniek oor wat om vir haar te sê as ons by haar huis sou aankom.

Toe ons uiteindelik by haar huis aankom, het sy probeer ordentlik wees. Terwyl sy hard probeer het om nie te laat deurskemer dat haar verveeldheid aan selfmord vlakke raak nie, het sy my verduur, en gemaak asof sy na my praatjies luister. Op minstens 2000 vlakke kon ek sien hoe die lewensgevaarlike verveeltheid uit elke sel van haar perfekte lyfie ‘ooze’. Al het ek myself probeer wys maak dat die druppltjies op haar bo-lip haar onderbewuste is wat na my 45kg lyfie smag, wou my rasionale denke verstik van die lag. (Laasgenoemde kan by tye darrem ook ‘n regte asshole wees.)

“Desperate times – desperate measures”, dog ek toe. Gaan vir Goud! Doen dit net! “Fortune favours the Brave”, het my ‘one-track-minded’ breintjie geskree. Of so iets, in elk geval.

‘Throwing all caution, - and sanity - to the wind’, sê ek toe ek wil iets in haar oor sê. En toe sy nader leun om te luister, toe soen ek haar… So patetiese piksoentjie. Op haar wang. *Carpe diem* het die boek gesê.

Watter …loutere ….stront.

Ek het geen sterretjies gesien nie. Tyd het nie stil gestaan nie. Ek het nie gevoel asof ek in die Sewende Hemel is nie – (Bellville was regtig toe-handjie in daai opsig.) Ek het ook nie gevoel asof ek sweef nie. My opwinding – en hare – was in die oorverdowende, stil oomblikke na die gewraakte piksoentjie op dieselfde vlak as om verf te sien droograak…

Op 'n skaal van 1 – 10 was my erotise ervaring 'n goeie minus 3.

Maar: My *Carpe Diem* raak toe net daar Hennie se *Carpe Jugulum*. Gryp die … keel.

Haar Gekusde Skoonheid was net daar om die een of ander onverklaarbare rede *eergebonde* om Hennie van my onvergeetlike toenadering – …..en die KUS - te vertel.

Ek het weer geredeneer dat, aangesien dit so opwindend en eroties soos 'n verlepte daffodil was – hoekom enigsinds die moeite doen? Sy het dit nie so gesien nie. Hennie moes ingelig word… Sodat hy kon BESLUIT… Soos Pappa, in Vyfster.

Dit het nie gehelp om aan haar uit te wys dat Hennie se oë begin water het as daar meer as twee gedagtes om plek in sy brein wedywer nie. Hoekom nou vir die arme ou soveel spanning en inspanning loop veroorsaak?, het ek geredeneer. Sy het anders geredeneer. Tot my aansienlike nadeel en spyt.

En daar begin toe 'n splinternuwe – en besonders intense era van ellende vir die uwe. Die NUUS het by Hennie uitgekom. Met merkwaadige spoed – in ag genome die internet en rekenaars en selfone was toe nog net 'n vonkel in Steve Jobs en ander 'geeks' se oë.

Ten spyte van my skielike wending na die geloof, met gepaartgaande, - toegegee redelik ambisieuse - beloftes aan 'n baie wye spektrum Gode (rather safe than sorry, ne) van eenvoudig epiese proporsies, was die NUUS dieselfde middag nog by Hennie.

Soos ek gesê het – in Bellville was daar daai jare 'n klomp goed wat ooglopend nie gewerk het nie, en ek het vermoed "comms" Hemel toe het so goed gewerk soos daai drupeltjies wat mens skynbaar vir meisies kon

koop – Spaanse of Boliviaanse Brommer – … of so iets. Die ‘Divine intervention’ waarvoor ek gebid het, se beker het my met ‘n myl verbygegaan. Ek vermoed die Gode het net daar die popcorn nader gesleep, en alle afsprake summier gekanselleer. Tot verdere kennisgewing: Showtime!!!

Nouja, so kom daar te een Saterdag ‘n hele groep van die “cool” manne van ons skool totaal onafgekondig my ons huis aan. Ek kon my geluk nie glo nie. Daar was minstens 8 van hulle, en dit was net die ‘seriously cool’ ouens – kompleet met silwer hangertjies, haar gel, en gerugte van eie girlfriends… Dat sulke verhewe geselskap die tyd in hulle dag kon inruim om met my te kom “tjil” was – wel – …. donners indrukwekkend.

Kyk, om ‘n oorgewig, pienk anaconda in kort baie gras te spot, was daai dag ooglopend nie my sterk punt nie.

Na so paar op- en aanmerkings, het een voorgestel dat ons ‘n bietjie gaan … stap. Dit het vir my na ‘n baie goeie plan geklink. Om saam met sulke ouens in die openbaar gesien te word, het gelyk na ‘n definitiewe stap in die regte rigting.

So straatblok of wat verder het dit my begin opval dat die oogkontak en ‘cool’ op- en aanmerkings effe begin opraak het. So straatblok of wat verder, het ek opgemerk dat Hennie op een of ander onverklaarbare manier merkwaardig onopvallend by die groep drentelenende Gode van Cool aangesluit het…. En toe maak 2 + 2 = 6…: Fok.

So straatblok of wat verder – nes my ingeboude GPS die tweemiljoenste moontlike ontsnaproete bo-oor dakke, om kragdrade en deur stormwater pype probeer uitwerk het, was ons skielik op so erf waarvan daar nogaal baie in ons buurt was – een met so halfgeboude huis op… : Dubbel fok.

Teen daardie tyd was dit duidelik – :op my moer gaan ek kry. Al wat nou nog oorgebly het was met hoeveel van my selfbeeld ek huistoe – of na my begrafnis toe sou gaan…

Terwyl die hamster in my kop nog die wieletjie deur die klankgrens getrap het, het tyd so effe in ‘slowmotion’ ingegaan. Sonder veel seremonie het Hennie ‘n tree nader gegee my harder gebliksem as wat iemand ooit deur Mike Tyson gemoer is. Na meer as 20 jaar se karate doen, staan daai hou steeds bo-aan my lys as die klassieke Hollandse kat-klap. Tot op

nasionale vlak karate kompetisies, is ek nooit weer so hard gebliksem nie. Nie naastenby nie.

Ek is trouens so deftig gemoer, dat selfs Hennie met die een hou volstaan het. Toe ek na so paar sekondes deur die drie melkweë se sterre kon sien, was die uitdrukings op die 8 Jusasbokke se verradelike gevreetjies… veelseggend.

Niemand het ‘n woord gerep nie. Ek dink hulle het almal begin wonder of dooie mense kan staan en bloei. Na nog so paar sekondes – ek het steeds geen pyn gevoel nie – het die wegraping klaarblyklik gebeur. 8 Judasbokke – en Hennie is eensklaps skynbaar gelyk daar weg – almal in verskillende rigtings. As Frankie Fredericks hulle daai dag gesien het, sou hy loop seëls versamel het – want in atletiek was daar na daardie gatskoonmaak vertonings, ooglopend nie veel van ‘n toekoms nie.

Ek weet nie hoe lank ek daar op die sement vloer gesit het nie. Dit het nie na tyd gevoel nie. My hemp, en die voorkant van my broek was deurdrenk van die bloed. So ver ek kon agterkom het my tande nog gesit. Dieselfde was nie waar vir my selfbeeld nie.

Dit was al sterk skemer toe ek opgestaan het en my ‘walk of shame’ deur die buurt begin aanpak het. Huistoe. Die selfde huis wat ek net ‘n kort tydjie gelede gedink het vir die ‘cool’ ouens van die skool ook goed genoeg was om by uit te hang…Mense van die buurt het na my gewys en gestaar. Niemand het kom hoor of hulle kon help nie. Bellville was daai jare nie so tipe plek nie.

Hennie se aansien het oornag ikoniese status bereik. Selfs die groter seuns in die hoërskool het daarvan gehoor, en van daar af het die bliksem skynbaar op water geloop. Ek weer, het nêrens geloop nie – ek het geskarrel, en so onsigbaar as moontlik probeer lyk. Ek was nie suksesvol nie. Met ‘n lip so groot soos ‘n Volksie Beetle Bonnet, was ek so onopsigtelik soos ‘n olifant in ‘n vistenk.

Skielik het ek, naas die feit dat ek nie die cool klere gehad het om by skool sokkies of flieks gesien te word nie, heelwat beter redes gehad om geen sosiale lewe te hê nie: Hennie en sy bewonderaars sou daar wees. Die gevolg was dat my Standerd 6-8 jare nie as die hoogtepunt van my sosiale vlinder dae geken kan word nie…

In Standerd 9 het ons Riversdal toe getrek. Die slim mense praat baie van ‘nature and nurture’… Hulle het ‘n punt op die ‘nurture’ gedeelte.

Die platteland was net soveel anders, en na die jare in Bellville kon ek begin heel word. Ek het begin rugby speel, en het agtergekom dat ek nogaal ‘n aanvoeling vir die sport gehad het. Op ‘n stadium het ek van die groot mense op die paweljoen hoor sê ‘*wie gaan by daai Slabbert senter verby kom?*’. Selfs as senter was daar min losskrums waar ek nie ‘n bietjie loop handjie bysit het nie. Die geboks en geknyp, en gestamp en stoot en trap het my nie veel gepla nie.

Ek het smiddae na skool saam met oom Willem Visagie begin karate doen, en het agtergekom dat ek nogaal ‘n aanvoeling daarvoor ook ontwikkel het. Van die dorp se polisiemanne wie saam met ons geoefen het, het hier en daar nogaal vleienende goed te sê gehad. Of hulle net ‘nice’ was, en of hulle dit regtig bedoel het, weet ek nie. Maar ek is na so paar maande se oefen nie weer raak geslaan nie, en ek het geleer ontspan terwyl mense probeer het om episode 2 van Hennie die Held te vergestald. Dit het nie weer gebeur nie.

In die weermag het ek verder agtergekom dat ek nie onder die eerstes was om om te val, of te begin kots nie. Ek kon so bietjie langer uithou en aanhou, en so het my selfbeeld liewerlei begin herstel. Waar die Parabats ons berets wou dief (hulle het ‘n middag pas gekry as hulle een van ons hoedens gaan ingee het) het die hooftooisel se eienaarsverwisseling teen ‘n prys gekom. Soms ‘n redelike duur prys ook – die tipe wat die Army se tandartse laat dink het Krismis het aangebreek.

En na die Army en Universiteit het die lewe sy malle loop geneem. En ek kon regop loop, teen my eie pas, en meestal net waar en wanneer ek wou. My angsaanvalle was iets wat vêr in die verskied agtergebly het. Dit was alles danksy ‘n verandering in omgewing, en ongelooflike mense – soos onder andere Om Manie - wie van toe af oor my pad gekom het. Ek het net die lekker onthou, en al die mooi jare. En ek het heelwat meer ongereeld aan Hennie, of die Bellville jare gedink.

Toe, baie jare later, sit ek en ‘n vriendin eendag in ‘n besonderse lekker restaurant êrens langs die Suidkus. Ek dink ons was daar vir ‘n langnaweek – en een van daai wyn- of seekos feestelike gedoentes wat deur fynbesnaarde, kunssinnige mense gereel word: Die tipe wat die

yuppies en oorwerkte stadsbewonders lok om met die minimum gegil heeltemaal te veel geld aan blyplekke, suur wyn met sulke borreltjies in, iemand se idee van kuns, en rou skulp diertjies te spandeer….

Ons het nog so gesit en 'marvel' oor hoe radikaal die lewe verander het. Wat ons (meer spesifiek: ek) op die punt was om die naweek te spandeer, (sy was, in my verdediging, 'n buitengewoon aantreklikke niggie) kon menige ontwikkelende ekonomieë daarmee caviar laat invoer het as stapel voedsel.

Terwyl ons die gepaste geluide van 'ooooe' en 'aaaah' gesit en maak het oor die suur wyn met die borreltjies in, en terwyl ons die spyskaart gesit en betrag het op soek na kos waarvan ons die dis, en die geskrewe gedeelte kon versoen - wat met die Gode se goedheid dalk selfs die smaak van die donnerse suur wyn met die bubbletjies in sou verdoesel, het ek een van daai ……gevoelenthede,….. ontwikkel. Daai gevoel wat ingebou is as jy een van die kleiner outjies in Bellville was. Daai kriewel gevoel – die tipe wat jou hande laat sweet, en jou laat wonder of jy nog in dertien tale en dialekte om begenadiging kan gil…

Toe ek opkyk, staan Hennie daar.

Hennie die waiter.

Voedsel transporterings konsultant.

Ooglopend nie meer in die fleur van sy jeug nie. Vermoedelik ouer as die restaurant bestuurder, maar vermoedelik junior tot een of ander 23-jarige 'head-waiter'.... Jy kry die prentjie.

Ek dink nie hy het my dadelik erken nie. Ek vermoed sy vrylike, en vermoedelik besonders geesdriftelike ommegaan met verskeie chemikalië wat lewenskwaliteit en 'n legendariese fok-U gesindheid waarborg, het oor die jare sy vlugheid van begrip verder gepootjie.

Ek was skielik doodnugter. Ek het vir hom gesit en kyk – na sy bloedbelope oë, die hoë wangbene, die seertjie in sy mondhoek, die littekens op sy ken, die effe grys vel…Die 10 kilos te min, die nikotien vlekke op sy hande, die effe ingetrokke skouers…Die vlak, leegheid in sy oë….

Ek kon sien sy hamster se wieletjie draai ook. Maar die hamster se geestrif was op vakbond standaard. En die hamster was ooglopend ook al mank, en ligjare verby sy ‘sell-by date’.

Desnieteenstaande, was ek gereed om hom met die oester vurk in die eiers te steek. Die hoek en afstand was reg. My kneukels om die vurkie se hef was lelie-wit. (Jy kan skynbaar party ouens uit Bellville uithaal, maar Bellville se aangeleerde oorlewingsdrang klou effe langer…)

Maar toe besef ek – sy ‘fight’ dae was reeds antieke geskiedenis. Hy sou selfs met ‘n begeesterde aanval soveel skade kon aanrig as ‘n haasbek eend. Ek het so ongesiends moontlik die vurkie neergesit… En gevra:

“Hoe gaan dit, Hennie?”

Hennie het ons vertel dat hy daar werk omdat hy verniet oesters kan kry – soveel as wat hy kan eet. En omdat die ‘tips’ goed is. En dat sy broer weg is, en dat hulle nie weet waar hy is nie. Hy’t ons vertel dat die meeste van die bende lede al dood is. Van die girls wie nog lewe, het skynbaar genoeg kleintjies uit uitgebreide gene poele, om twee holocausts se effek uit te wis. Hy weet nie waar sy ouers is nie. En hy sê die ure raak soms lank in die restaurant as die mense so laat kuier. En dat sy kamer soms in die winter koud is as die mis vir dae oor die dorp kom lê…

Ek het hom regtig jammer gekry. En ek het met my gemoed gesukkel toe ons opstaan om te loop. Ek het hom ‘getip’ – goed ook – maar ek wou dit nie neerhalend laat voorkom nie. Ek dink nie daar was vir Hennie veel van ‘n denkproses aan verbonde nie. Ek dink ouens wie nie tip nie, sou hom dalk kwaad maak. Of miskien hartseer. Of net seer…

Die res van die aand was nie vir my lekker nie. My weghol geestesbeelde, en broek vol planne van – uhm – ‘nagereg’ saam met die hubare niggie was daarna effe … gedemp.

Sy het in die kar gevra wat verkeerd was. Ek het besef ek kon nooit in een aand Bellville aan haar verduidelik nie. Nie die vernering, die skaamkry, die swaarkry, of die vernietigende hopeloosheid nie… Of dat Hennie – die ou in die restaurant met die vroeë arthritis – deel was van al daai emosies nie. Ek het daai aand maar droeëbek gaan slaap.

Toe ons die einde van die naweek uit die dorpie uitry, het ek Hennie weer gesien.

Hy het in die triestige misreën by ‘n stopstraat gestaan met ‘n karton om sy nek. In dik, swart letters het hy geskryf:

GEEN WERK. GEEN KOS. HELP ASB.